

VERTELLER

GEMEENTE: *'n Oomblik van stilgebed*

VERTELLER

GEMEENTE: (Verlengde inleiding – Gemeente staan wanneer die sanggroep opstaan)

Hoor jy die Paasfeesklokke (Lied 409: 1 & 2) &

Die Heer, die Heer het opgestaan! (Lied 422: 1 & 3)

- |   |  |
|---|--|
| 1. Hoor jy die Paasfeesklokke?<br>Hul lui van vroegdag af;<br>hul jubel oor die wêreld:<br>Die Heer is uit die graf!<br>Hy, Christus, die oorwinnaar,<br>is uit die donker uit!<br>Die Heer, die sleuteldraer,<br>sal ook my graf ontsluit. | 2. Hoor jy die Paasfeesklokke?<br>Die Heer het opgestaan!<br>Hy het vir al ons sonde<br>Hom aan die kruis laat slaan.<br>In Hom is nuwe lewe,<br>sy graf is leeg en oop.<br>Hy gaan ons voor – verheerlik –<br>en ons kan op Hom hoop! |
| 1. Die Heer, die Heer het opgestaan!<br>Die Heer het wáárlík opgestaan!<br>Vir sondaars het die Heer gesterf,<br>die lewe deur sy dood verwerf!<br>Oorwinning is vir ons verkry<br>oor sondemag en –heerskappy                              | 3. Die Heer, die Heer het opgestaan!<br>Die Heer het wáárlík opgestaan!<br>Aan Hom die lof, die roem en eer,<br>Hy laat ons mét Hom triomfeer.<br>Laat ons, o Here, deur u Gees,<br>afhanklik en oorwinnaars wees.                     |

VERTELLER

SANGGROEP (Alte): *Daar klink 'n lied, daar juig 'n stem (Lied 420: 1 & 2)*

VERTELLER

SANGGROEP: *Jesus, o dink aan my (Lied 384)*

VERTELLER

SANGGROEP: *Loof die Here God (Lied 222)*

VERTELLER:

WEGSENDING & SEËN (Gemeente staan)

SANGGROEP: *Dit wat ons hier ontvang het (Lied 311)*

---

Met tyd het daar 'n verromantiseerde beeld ontstaan van een van die hoogtepunte in ons Kerklike Jaar, naamlik die Pase. Hierdie Paas-herinneringsdiens is 'n poging om weer 'n stuk van die emosie, seer, lyding en vergifnis deur hierdie gebeure bloot te lê, en ons opnuut deur woord en klank te laat herinner en te beleef aan die genadegawe wat aan ons gegee is.  
Soli Deo Gloria – Alleen tot Sy Eer!

## *Via Dolorosa - 'n Paasherinneringsdiens*



*N.G. Gemeente, Joubertina*

*Sondag, 10 Mei 2009*

*18.30*

*Kareedouw Sanggroep*

*Johan Strydom - Orrelis*

*Anneliese Crowkamp - Klarinet*



### **Rolverdeling:**

**Sanggroep:** Die sanggroep kleur die chronologiese gebeure rondom die Paasverhaal musikaal in.

**Die Verteller:** My en jou gewetenstem.

**Die Gemeente:** Deur gemeentesang verbreek die gemeente die chronologiese volgorde van die verhaal met 'n vooruitwysing na 'n verhaal van HOOP en VREDE en VERGIFNIS.

**SANGGROEP:** *Kom, heil'ge Gees (Lied 166)*

**VERTELLER**

**SANGGROEP:** *Vervul, o Heer, my hart (Lied 391: 1 - 3)*

**VERTELLER**

**ORREL-TOONSKETS OP DIE VIA DOLOROSA**

**GEMEENTE (staan wanneer sanggroep opstaan):** *Lied 220: 1 & 3; Lied 219: 2 & 3*

- |   |  |
|---|--|
| 1. Met ons harte sing ons, Here,<br>van u liefde meer en meer.<br>Aan die kruis het U ons sonde<br>als gedra met geen verweer.<br>Juig, o juig oor ons Verlosser,<br>Van ons las is ons bevry,<br>Ons sal aan U, Redder, Here,<br>net uit dank ons lewe wy.       | 3. In 'n koor met duisend stemme<br>sal ons loflied U besing.<br>U nabye liefde, Here,<br>het in noutes ons omring.<br>Sing, o sing oor ons Verlosser,<br>prys sy Naam ons lewe lank.<br>Ons bly aan U trou, o Here –<br>Ons sal U steeds loof en dank.                            |
| 2. Laat ons praat met almal om ons<br>Oor die hoop wat in ons leef.<br>Jesus Christus het in liefde<br>Al ons sonde ons vergeef.<br>Sing, o sing van ons Verlosser,<br>Hy oorwin die dood en hel.<br>Ons het deel aan sy oorwinning –<br>oral wil ons dit vertel. | 3. Laat ons sing oor Hom wat t'rugkeer<br>aan die einde van die tyd:<br>"Bruidegom, die bruid ver wag U –<br>Altyd tot u lof bereid."<br>Sing, o sing van ons Verlosser,<br>Hy kom t'rug, Hy maak ons nuut –<br>"U, die Heerser oor die wêreld,<br>Seun van God, o hoor ons lied." |

**VERTELLER**

**GEMEENTE (sittende):** *Lied 590: 1 & 2*

- |   |  |
|---|--|
| 1. Het jy gehoor dat eenmaal<br>hier alles nuut sal staan?<br>Dat Jesus by sy weerkoms<br>die dood finaal verslaan?<br>Die nuwe aarde, hemel<br>verskyn met God se seën<br>Het jy gehoor en glo jy<br>selfs deur jou twyfel heen? | 2. Het jy gehoor van Jesus;<br>van lewe uit sy dood?<br>Het jy gehoor, vertrou jy<br>Hom in jou diepste nood?<br>Weet dan, geen bouse magte<br>kan jou aan Hom ontruk.<br>Op dié geloofsverwachting<br>skenk God volmaak geluk |
|---|--|

**VERTELLER**

**SANGGROEP (Alte):** *O Christus, ek het in u lyding (Lied 394: 1 & 2)*

**VERTELLER**

**GEMEENTE (staande):** *Op vaste fundamente (Lied 478: 1 & 4)*

- |   |  |
|---|--|
| 1. Op vaste fundamente<br>het God sy kerk gebou.<br>Apostels en profete<br>het ons dit toevertrou:<br>Die Koning van die hemel<br>herskep deur Woord en Gees<br>verlorenes op aarde<br>dat hul sy volk kan wees | 4. O Heer, skryf in ons harte<br>dat ons dit nooit vergeet,<br>al pynig ons die smarte<br>al martel ons die leed:<br>Die kruis van ons Verlosser<br>sluit vergesigte oop!<br>In 'n verwarde wêreld<br>bring dit weer vaste hoop! |
|---|--|

**VERTELLER**

**GEMEENTE (sittende):** *O Heer, uit bloed en wonde (Lied 387: 1 & 4)*

- |   |   |
|---|---|
| 1. O Heer, uit bloed en wonde,<br>uit kruishout haat en hoon<br>blyk duid'lik hoe die sonde<br>die liefde ru beloon!<br>U liefde bring genesing<br>al is met U gespot<br>U liefde skenk vergewing,<br>en wil versoen met God. | 4. Ek dank U, Heer, van harte<br>dat U, Verlosser, Vriend,<br>vir my die bitter smarte<br>gely het, onverdiend!<br>Waar ek hier ook mag swerwe,<br>dié troos sal ek behou<br>dat as ek eenmaal sterwe,<br>ek, Heiland, U aanskou. |
|---|---|

**VERTELLER**

**SANGGROEP:** *Eli, Eli, lemá sabagtani*

**VERTELLER**

**SANGGROEP:** *Kyk daar, kyk die Lam van God (Lied 398)*

**VERTELLER**

**ORREL-IMPROVISASIE (Die aarde skud en die tempel se voorhangsel skeur) SANGGROEP:**  
*Die Heiland sterf; die dag word duister (Lied 383: 1 - 3)*

**VERTELLER**

**GEMEENTE (staande):** *Ons Vader wat woon in die hemel (Lied 266)*

Ons Vader wat woon in die hemel, geheilig sy u Naam.

Laat u ryk kom, u wil geskied, soos in die hemel so ook op die aarde.

Gee ons vandag ons dag se brood en vergeef ons al ons skulde, net soos ons vergewe

dié wat teen ons sondig. Laat kom ons nie in die versoeking,

maar verlos ons van die Bose. Van U is die ryk en die sterkte en die ere,

vir ewig en ewig, amen. Vir ewig en ewig, amen.